1. Wat is 72-uur beoordeling?

Die wet op Geestesgesondheid, 2002 (Nr. 17 van 2002) bepaal dat 'n geestesgesondheidssorggebruiker, voordathy/sytot'nfasiliteittoegelaatwordwataangewys is om gespesialiseerde geestesgesondheidsorgdienste te lewer, beoordeel moet word om vas te stel of daar 'n behoefte is om onvrywillige sorg, behandeling en rehabilitasie voort te sit en of dit op 'n binne- of buite-pasiënte grondslag moet geskied. Die beoordeling moet oor 72 uur gedoen word en staan bekend as 'n 72-uur beoordeling.

2. Waar word die 72-uur beoordeling gedoen?

Kragtens die bepalings van die Wet, 2002, is die name van sommige hospitale in die Vrystaat wat hierdie diens moet lewer op 'n lys geplaas. Hospitale waarvan die name nie op die lys verskyn nie, moet die pasiënt verwys na die naaste hospital wat hierdie diens lewer.
Name van hospitale wat op die lys verskyn, is:
Fezile Dabi-distrik:
Boitumelo, Mafube, Metsimaholo, Parys and Tokollo.
Lejweleputswa-distrik:
Bongani, Katleho, Mohau, Nala, Thusanong en Winburg.
Motheo-distrik:
Botshabelo, Dr. J.S. Moroka en Pelonomi.
Thabo Mofutsanyane-distrik:
Elizabeth Ross, Phekolong, Phutholoha en Thebe.
Xhariep-distrik:
Diamond en Stoffel Coetzee.

Aangewese fasiliteite:
Die Vrystaat Psigiatriese Kompleks en Mofumahadi Manapo Mopeli lewer ook hierdie diens.

3. Hoe word hierdie beoordeling gedoen?

Omdat die gebruiker van die 72-uur beoordeling 'n persoon sal wees wat siek is en nie insig sal hê in sy of haar siektetoestand nie, moet 'n aansoeker (gewoonlik 'n gade, naasbestaande, vennoot, genoot, ouer, voog en in hul afwesigheid, onvermoë of onwilligheid, 'n gesondheidswerker) 'n aansoek op vorm MHCA 04 indien wat beëdig is deur die SAPD of toelatende hospitaal vir onvrywillige sorg. Die Wet, 2002 (art 40) bepaal dat SAPD lede behulpsaam moet wees om die gebruiker na die nabygeleë gelyste fasiliteit/hospitaal te neem en te oorhandig.

Die HUB (of aangewese verteenwoordiger) sal sorg dat twee geeestesgesondheidspraktisyns die gebruiker ondersoek en dat albei 'n aanbeveling moet doen ten gunste van of teen die aansoek vir onvrywillige sorg. As alternatief vir die aansoek kan hulpsorg in plaas van onvrywillige sorg voorsien word. Indien die twee nie saamstem nie, kan 'n derde praktisyn se hulp ingeroep word om 'n finale aanbeveling te doen.

Wanneer die HUB (of aangewese verteenwoordiger) op vorm MHCA 07 goedkeuring verleen het dat die gebruiker toegelaat word vir onvrywillige sorg, word die gebruiker toegelaat en die beroepsgesondheidslui sal voortgaan om die nodige sorgbehandeling en rehabilitasie te lewer wat vereis word. 'n Dokter en nog 'n geestesgesondheidspraktisyn moet ook beoordeel of die onvrywillige sorg voort moet gaan

health
Department of Health
FREE STATE PROVINCE
www.fs.gov.za

en of dit moet geskied op ‘n binne- of buitepasiënte grondslag.

4. Gedurende die 72-uur beoordeling

Gedurende hierdie tydperk word die gebruiker behandel volgens die vereiste sorgbehoeftes, bv. indien die gebruiker herstel, word die sorggewing gestaak, of indien sodanige sorg benodig word wat nie by die hospitaal beskikbaar is nie, moet die gebruiker oorgeplaas word na ‘n fasiliteit waar dit beskikbaar is. Indie psigiatriese medikasie benodig word, moet dit voorgeskryf en geadministreer word. Die gebruiker moet omvattende behandeling kry waar voldoen word aan al sy fisiese, emosionele, maatskaplike en geestelike behoeftes soos in die geval van enige ander pasiënt in ooreenstemming met die beleide en praktyke van daardie hospitaal.
Die dokter wat die gebruiker behandel moet elke 24 uur by die HUB (of verteenwoordiger) verslag doen or die geestes-status van die gebruiker.

5. Aan die einde van die beoordeling binne 12 uur ná die 72-uur beoordeling

Die dokter en nog ‘n praktisyn sal hul bevindings, d.w.s. of onvrywillige sorg voortgesit moet word of nie, oordra aan die HUB (of verteenwoordiger) wie dan die onderskeie betrokkenes sal inlig. Alle vorms wat gedurende hierdie proses voltooi word (binne 7 dae) sal ingedien word by die Geestesgesondheidhersieningsraad vir hersiening. - Ongeag die resultaat, al word die gebruiker ook ontslaan.

72-uur Beoordeling

Kontaknommers vir nadere inligting betreffende hierdie publikasie, is:
Tel: 051-408 1336
Faks 051- 408 1074

health
Department of Health
FREE STATE PROVINCE

www.fs.gov.za